# AFRIKA DIE ONBEKENDE.

## ENKELE GEDAGTES OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE UNIE SE BANTOEGEBIEDE.

### I. DIE BANTOEGEBIEDE.

1. Gegewens oor die Unie se sg. Bantoegebiede is in soveel bronne beskikbaar dat dit hier alleen met die grootste saaklikheid weer vermeld kan word. Veral die Verslag i.s. die Sosio-Ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede in die Unie, beter bekend as die verslag van die Tomlinsonkommissie, is ryk aan samevattende besonderhede in hierdie verband.

2. Die betrokke gebiede bestaan, wat oorsprong betref, uit daardie dele van die Unie van Suid-Afrika wat ten tye van die indringing in die binneland deur die blankes, bewoon was deur verskillende Bantoestamme of -stamgroepe. Die grense van hierdie gebiede is deur ooreenkomste, verkope, aankope, ver-

owering en wetlike bepalings gevorm tot wat dit vandag is. Sedert unifikasie was dit veral die Naturellen Grond Wet (nr. 27 van 1913), die werk van die Beaumontkommissie en die Naturelletrust- en -Grondwet (nr. 18 van 1936) wat die omvang en grense van hierdie gebiede bepaal het.

3. Opmerklik is in die eerste plek die **ligging** nl. perdehoefvormig, min of meer al langs die suid-oostelike, oostelike, noord-oostelike, noordelike en noordwestelike grense van die Unie. Selfs wanneer S.W.A. by die vier provinsies gereken word, verander die geheelbeeld nie wesenlik nie.

4. Toe die grense van hierdie gebiede vir die eerste keer onder Uniebewind vasgestel is deur die bylae tot die 1913-wet, het hierdie ingelyste of afgesonderde gebiede 'n oppervlakte van 10,729,433 morge beslaan. Tussen 1913 en 1936 het die naturelle nog omtrent 1,632,000 morge bekom. Daarby het die 1936-wet voorsiening gemaak vir 'n addisionele 7¼ miljoen morg oopgestelde gebied. Wanneer die volle kwota onder die Trustwet uiteindelik aangekoop is, sal die Bantoegebiede 'n oppervlakte van 19,611,000 morge hê. Die totale bestaande oppervlakte van oopgestelde gebiede was ten tyde van die Tomlinsonondersoek 6,789,544 morge sodat dit ong aangevul moes word tot die beloofde 7¼ miljoen morge, terwyl ook nog voorsiening gemaak moes word vir die vervanging van 188,660 morge grond in „swartkolle", d.w.s. buite die afgesonderde en oopgestelde gebiede. Teen 'n oppervlakte van 472,685 vk. myl vir die Unie, vorm die Bantoegebiede ongeveer 13% van die totaal. Van die 7¼ miljoen morge oopgestelde gebied is daar tot 1954 4,519,827 morge aangekoop sodat nog 2,770,173 morge aangeskaf moes word.

5. Die wetlike status van hierdie gronde was selfs na 1910 nog nie duidelik bepaal nie. In Natal is die grond wat vir die Bantoes gereserveer is, deur verskillende trusts gehou by wyse van aktes van toekenning. Origens is die Bantoegebiede oor die algemeen as kroongrond beskou. Die eiendomsreg het m.a.w. by die staat berus. Die wette van 1913 en 1936 het die aangeleentheid op 'n hegter wetsgrondslag geplaas. Deur die Trustwet (1936) het die eiendomsreg op kroongrond in die Bantoegebiede oorgegaan op 'n liggaam met regspersoonlikheid, nl. die Suid-Afrikaanse Naturelletrust. Die verdere bepalings van albei wette laat geen twyfel oor die uitgangspunt dat die gronde vir die uitsluitlike eiensdomsreg van die Bantoes gereserveer is nie, vir sover 'n verbod geplaas is op die verkryging van regte deur enige ander persoon as 'n naturel op enige grond of in belang in grond in sodanige gebiede.

6. 'n Verdere opvallende kenmerk van die Bantoegebiede wat in administratiewe, politieke en ekonomiese opsig 'n baie besliste nadeel inhou, is die **versplinterdheid** daarvan. Dit beslaan sowat 260 los eenhede, grootliks verskillend in oppervlakte.

7. Die Tomlinsonkommissie het 'n verskil getrek tussen die **de facto**-bevolking van hierdie gebiede in Mei 1951 nl. 3,633,000 en die **de jure**-bevolking nl.

4,202,000. Dit beteken dat op daardie stadium 42.6% van die totale Bantoebevolking of 46.3% van die binnelandsgebore Bantoe hulle in die Bantoegebiede bevind het. Meer as 'n halfmiljoen van hierdie gebiede se bevolking— hoofsaaklik werkende mans — het op dié stadium dus buite die gebiede verkeer. Dit is bereken dat afgesien van die trekarbeiders, tussen 1936 en 1946 jaarliks gemiddeld 16,200 Bantoes die gebiede permanent verlaat het. Tussen 1946 en 1951 was die totale natuurlike aanwas 84,000.

8. Met uitsondering van die stedelike gebiede was die Bantoegebiede tydens die 1951-sensus die digsbevolkte deel van die Unie met 'n totale gemiddelde van 63 per vk. myl. Dit is veral belangrik as in aanmerking geneem word dat dit uitsluitlik 'n landboubevolking is. Die digtheid wissel van 25 per vk. myl in die westelike gebiede tot 82 in Natal en die Transkei.

## II. ONTWIKKELINGSMOONTLIKHEDE.

9. Alhoewel 'n verslag van die Raad van Handel en Nywerheid (1937) oor die vooruitsigte vir 'n gediversifieerde ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede maar 'n enigsins donker beeld geskilder het, het die Tomlinsonkommissie tot meer optimistiese bevindinge geraak. Die moontlikhede vir ontwikkeling van hierdie gebiede m.b.t. die landbou, sekondêre en tersiêre ondernemings, mynbou en bosbou word in die volgende paragrawe weergegee.

10. **Landbou.** Ongeveer 84 persent van die gebiede is geskik vir gemengde boerdery en die orige 16 persent net vir veeboerdery. Op 11.2 persent kan akkerbou beoefen word terwyl 98 persent geskikte weiveld vorm. Op 'n basis van gemiddeld 52.5 morge as 'n ekonomiese boerdery-eenheid wat 'n gesinsinkomste van £70 per jaar kan lewer, kan die gebiede 307,000 boeregesinne dra. Dit verteenwoordig 'n totale bevolking van net meer as die helfte van die Bantoes wat volgens die 1951-sensus in die gebiede woonagtig was. Wanneer die miljoen resterende morge toegevoeg word, kan 'n verdere 50,000 gesinne gevestig word. Besproeiingsmoontlikhede op ongeveer 63,000 morge kan 'n verdere heenkome bied aan nagenoeg 36,000 gesinne of 216,000 mense. Die uiteindelike totaal wat in die landbou 'n bestaan kan vind, sal dus ongeveer 393,000 gesinne of 2,358,000 mense wees: in elk geval nog minder as die huidige bevolking. Die implikasie hiervan is dat 'n deel van die de jure- sowel as de facto-bevolking elders 'n bestaan sal moet vind, terwyl daar bowendien vir die hele natuurlike aanwas geen plek in hierdie gebiede sal wees solank die ekonomie daarvan hoofsaaklik op die landbou berus nie.

11. **Bosbou.** Die vooruitsigte is gunstig vir die bebossing van ongeveer 323,000 morge. Byna 50 persent hiervan lê in 'n aaneengeslote blok in Maputaland langs die noordkus van Zoeloeland. Die bebossingsprogram kan oor 'n tydperk van 20 jaar uitgevoer word. 'n Deel van die totale oppervlakte was ten tye van die kommissie se ondersoek natuurlik reeds onder bosse: ongeveer 783,000 morge aangeplante en 'n klein oppervlakte natuur-

like bos. Die verdere ontwikkelingsprogram sal ongeveer 25,000 werkers vereis tesame met nagenoeg 2,000 opgeleide Bantoevoormanne en -bosbouers, wat 'n sieletal van 160,000 Bantoes van die bosbou afhanklik sal maak. Dit is egter beraam dat by die stadium van volle ontwikkeling van die primêre, sekondêre en tersiêre sektore die bosbounywerheid regstreeks en onregstreeks aan 800,000 Bantoes 'n leeftog sal kan verskaf.

12. Tot dusver is die **mynbouproduksie** van hierdie gebiede beperk met 'n opbrengs ter waarde van £4,700,000 in 1953. Die noordelike gebiede is die rykste, met 'n aansienlike verskeidenheid minerale. Dan volg die westelike gebiede. Natal lewer hoofsaaklik steenkool, terwyl die Trans- en Ciskei arm is in hierdie opsig. Die Tomlinsonkommissie was dan ook van oordeel dat hierdie aspek nog verdere noukeurige ondersoek vereis.

13. **Sekondêre nywerhede.** In die Bantoegebiede het nog feitlik geen nywerheidsvestiging plaasgevind nie. Wat die begunstigende faktore vir toekomstige industriële ontwikkeling betref, word op die volgende gewys: 'n groot **potensiële** arbeidsbron; verskeie **grond-** en **hulpstowwe** soos gewone landbou-, bosbou en mynbouprodukte, vesel, suiker e.d.m.; watervoorsiening in sekere, merendeels beperkte gebiede langs die oostelike eskarp (Tugela, Umkomaas in Natal en die Umtamvuna, Umzimvubu, Umtata en Basheerivier in die Transkei); redelike kragbronne hetsy deur Eskom of potensiële hidro-elektriese skemas of steenkoolvoorsiening. Spoorweë, ondernemerstalent en interne kapitaal is beperkende faktore. Tot sover het die nywerheidsontwikkelings nog nie verder gevorder as 'n gekommersialiseerde vorm van die tradisionele huisnywerhede nie.

14. **Tersiêre bedrywe.** Volgens die Tomlinsonkommissie is hierdie soort ondernemings hoofsaaklik afhanklik van die peil van ontwikkeling van ander sektore van die landsekonomie. In die Bantoegebiede sal dit dus eers 'n aansienlike rol kan begin speel namate merkbare ontwikkeling van die voorgenoemde sektore plaasvind.

15. Die opmerklike in bogenoemde is dat dit hoofsaaklik gaan oor **moontlikhede** vir eerder as oor reeds gerealiseerde ontwikkeling. Trouens, die werklike tydsbeeld van die gebiede is nie baie bemoedigend nie. Die Ekonomiese Naturellekommissie (1930 - 32) het dit so gestel: „Die gevolg is, dat ons nou dwarsdeur die Reserwes 'n toestand aantref waarin, op 'n paar uitsonderings na, die vermoë van die bodem om mense sowel as diere te dra, bepaald aan 't afneem is; 'n toestand wat, tensy dit spoedig verhelp word, binne een, of uiters twee tiental jare, in die Unie 'n vreeslike probleem van armoede onder die naturelle sal skep." (par. 69.) Die bevindings van die Tomlinsonkommissie verskil op die keper beskou nie hiervan nie. Oor die algemeen is die beeld van die Bantoegebiede — met wisseling in graad en omvang — een van oorbevolking en oorbeweiding. Landbouproduksie is besonder laag, terwyl daar haas geen ander bestaansbronne binne die gebiede tot ontwikkeling gebring is nie.

16. Die Ekonomiese Naturellekommissie het die opmerking gemaak (par. 70) dat die blanke die omgewing van die naturel gou verander het „maar binne die reserwes het hy min gedoen om die naturel te leer hoe om aan die nuwe omgewing aan te pas". En weer: „Die witman het sy eie gebied ontwikkel, maar vir die ontwikkeling van die Reserwes het hy min gedoen. Die naturelle kan hulle in hierdie opsig nie self help nie, omdat hulle as ras te agterlik is . . . . ." (par. 81).

## III. ONTWIKKELING TOT DUSVER.

17. Die byna uitsluitlike landbou-ontwikkeling van die Bantoegebiede waarmee die Ekonomiese Naturelle-Kommissie reeds kennis gemaak het, het sedert ongeveer 1954 'n nuwe fase betree. Die Landbouafdeling is aansienlik uitgebrei, hoewel die personeelvoorsiening nog nie 100 persent is nie. 'n Intensiewe veldtog is geloods om die tempo van beplanning te verhoog. Distrikte met die hoogste landboupotensiaal word as uitgangspunt vir die beplanning en uitvoering daarvan geneem. Die beplanning geskied teen ongeveer 'n ½ miljoen morg per jaar. „Tot in 1958 was 22.58 persent van die totale oppervlakte van die Bantoegebiede reeds op 'n herwinningsbasis beplan en volgens skatting sou die syfer aan die einde van 1959 op 25.8% staan". (Mnr. Pepler, hoof van die Landbouafdeling in 'n referaat voor die Sabrakongres, April 1960). „'n Mens sou normalerwyse kon waag om hierdie syfers te projekteer met die doel om vas te stel wat nodig is om die orige bykans 75% van die Bantoegebiede te herwin, maar dit sal in die praktyk nie korrek wees nie, want daar is baie noodsaaklike werke soos paaie, brûe, watervoorsiening, dipbakke ens. reeds aangebring in dele wat nog nie beplan of herwin is nie . . . ." (Pepler). Teen die tempo van ½ miljoen morg per jaar, sou dit nog bykans 30 jaar neem om die resterende ± 15¾ miljoen morge van die totaal van ± 19½ miljoen morge te beplan. Maar selfs as dit bespoedig kan word, moet dit in die gedagte bly dat dit nog net beplanning is, terwyl die werklike herwinning van groot dele aansienlike tyd en koste in beslag sal neem. Die implikasies hiervan is dat die maksimum drakrag van die gebiede soos hierbo gestel, nie binne 'n dekade of twee bereik kan word nie. Trouens, mnr. Pepler kom tot die volgende konklusie: „As nou in terme van wat reeds afgehandel is 'n skatting gewaag kon word, blyk dit dat die Bantoetuistes binne 25 jaar in sy geheel behoorlik beplan sal wees en herwinning tot so 'n mate uitgevoer sal wees dat daar nie veel vrees hoef te wees vir die probleem van grond agteruitgang nie".

18. Die berekenings oor die suksesvolle ontwikkeling van die landbou het o.a. berus op die beoefening van die **suikerboerdery.** Daar is bereken dat ongeveer 15,000 morg met suikerriet beplant kan word, waarop 3,750 gesinne as voltydse boere 'n bestaan sal vind. Die ontwikkeling sou afhang van maalfasiliteite en die Bantoe se samewerking. Tans het 'n nuwe faktor op die voorgrond getree, nl. die inkrimping van die Unie se suikerkwota wat blykbaar ingrypend sal inwerk op hierdie verwag-

tinge. In elk geval is tot 1958 slegs 660 morg beplant en is 107 nuwe kwekers geregistreer.

19. Tot dusver is 15,680 morge onder besproeiing gebring bestaande uit persele van 1½ tot 2 morg met 'n verdere ontwikkeling van 500 - 750 morg per jaar. Die stadige vooruitgang is nie net te wyte aan 'n tekort aan tegnici nie, maar veral aan die feit dat besproeiingsboerdery 'n besondere gespesialiseerde boerderyvorm is waartoe die Bantoe in belangstelling en vaardigheid nog nie opgewasse is nie. Ongeveer 8,000 gesinne is op hierdie wyse gevestig.

20. Veselverbouing vind tans plaas op 'n oppervlakte van ongeveer 2,500 morge. Die verbouing kan nou, na oorkoming van probleme t.o.v. ontveseling en afset, teen 'n vinniger tempo plaasvind tot 'n oppervlakte van tussen 7,000 en 10,000 morge.

21. Die ekonomiese ontwikkeling van hierdie gebiede in die sekondêre en tersiêre sektore is eintlik nog toekomsmusiek. Die Bantoe-ontwikkelingskorporasie het in Maart vanjaar ongeveer 100 aansoeke tot 'n totale bedrag van £370,000 ontvang, hoofsaaklik vir hulp vir handels- en dienste-ondernemings, terwyl die enkeles vir nywerhede van die tuisnywerheidstipes was: in geen opsig dus ondernemings met 'n hoë indiensnemingssyfer nie.

## IV. NOODSAAKLIKHEID VAN VERDERE ONTWIKKELING.

22. Die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van hierdie gebiede is aksiomaties. Elke verslag beklemtoon dit en elke bevolkingsgroep van welke politieke oortuiging ook al onderskryf dit. Dit is in alle opsigte 'n sine qua non. Suiwer ekonomies gesien, kan geen land vandag meer toelaat dat groot en daarby digbevolkte dele nie alleen onontwikkeld bly lê nie maar grootliks ook degenereer. Sosiaal gesien, vereis die bevolkingswelvaart daardie mate van ontwikkeling wat 'n leefwaardige inkomste en bestaansveiligheid bied. Die Tomlinsonkommissie kom dan ook self tot die volgende bevinding: „Uit die oogpunt van die bevolkingsvraagstuk in die Bantoegebiede, nou en in die toekoms, is nywerheidsontwikkeling van besonder groot belang. Dit bied geleenthede om die „surplus"-bevolking van die landbou op te neem . . . Daarby is dit 'n algemeen bekende verskynsel dat industriële ontwikkeling 'n verhoging van lewenstandaarde met hom meebring en dat dit nodig is in die Bantoegebiede, behoef hier geen besondere betoog nie" (par. 5 bl. 133). Geen twee mense in Suid-Afrika verskil oor die stellinge dat die gebiede onderontwikkel is en dringend tot volle potensialiteit ontwikkel behoort te word nie.

23. Die totale agterstand of onderontwikkeldheid is naas die tradisionele kulturele en beskawingsfaktore — die beskawingsagterlikheid van die Bantoebevolking — toe te skryf aan die verskil onder die blankes oor die wyse van ontwikkeling, want wesenlik word die hele probleem wat so duidelik in sy eise is, maar so verward in wyse van aanpak, tot in sy kern gekompliseer deur die politieke implikasies van die aangeleentheid.

## V. PROBLEME I.V.M. ONTWIKKELING.

24. Vanuit ekonomiese gesigspunt gesien, is die vraagstuk van 'n onderontwikkelde gebied hoofsaaklik die bekombaarheid van ontwikkelingskapitaal, die aard van die natuurlike hulpbronne, die beskikbaarheid van arbeid, die aanwesigheid van die ondernemerskap en die ontwikkelingspeil van sy bevolking, maar m.b.t. die Bantoegebiede en hulle ontwikkeling bestaan daar diepgaande verskil oor die politieke implikasies en doelstelling daarvan: moet die gebiede sosiaal-ekonomies ontwikkel word as politiek-integrale eenhede van die Unie of as eventueel staatkundig onafhanklike entiteite? Die strydpunte hieroor is ekonomies sowel as politiek. Daar is diegene wat vrees en beweer dat 'n sosio-ekonomiese ontwikkeling in die rigting van 'n afsonderlike politieke entiteit skadelik en selfs gevaarlik vir die Unie en dié gebiede se ekonomie sal wees. Daar is miskien nog meer wat hulle nie kan vereenselwig met die politieke doelstelling nie.

25. Indien hierdie gebiede nie as Bantoegebiede gereserveer was nie maar, sê, gewone staatsgronde wat oopgesit word vir private eiendomsreg, sou die proses waarskynlik min of meer soos volg verloop het: Boere sou met gespaarde of geleende geld plase aangekoop en ontwikkel het. Die owerheid sou in die mate wat ontwikkeling en nedersetting plaasvind daardie dienste daarstel waarvoor hy normaalweg aanspreeklik is: paaie, brûe, telefoon, spoorweë, ens., aangevul deur dienste van semi-staatskorporasies soos krag deur Eskom. Die handel sal volg en ook die nywerheid hetsy uit binnelandse of buitelandse beleggingsfondse of uit albei. Indien soiets vandag begin sou word, sou die gebiede na een dekade daar wesenlik anders uitsien.

26. Bogenoemde proses vind om tweeërlei redes nie plaas nie. Eerstens omdat hierdie gebiede teen blanke okkupasie en eiendomsreg gereserveer is. Tweedens omdat dit die bevolking van daardie gebiede én aan die ondernemerskundigheid én aan die kapitaal ontbreek om soiets te doen.

27. Waarskynlik op grond hiervan het daar reeds verskeie stemme opgegaan ten gunste van 'n radikale wysiging van die posisie. Die verbod op enige nie-Bantoe om eiendomsreg op grond in hierdie gebiede te kry, moet volgens die beskouing opgehef word tesame met die verbod op grondaankope deur Bantoes buite die gebiede. In die lig van die vorige twee paragrawe sou dit 'n vinnige en doeltreffende weg wees om die gebiede in die eerste plek landboukundig te ontwikkel en produktief te maak met daarná komende nywerheidsvestiging. Afgesien van administratiewe probleme wat bv. sou voortspruit uit die gebruik van kommunale grondbesit (wie deel in die verkoopsprys?) sou waarskynlik meer probleme op die wyse geskep as opgelos word. Om slegs een te stel: waarheen sou die ± 3—4 miljoen Bantoebevolking van hierdie gebiede gaan wie se grond sonder enige twyfel binne 'n dekade deur oorwegend blanke boere opgekoop sal word en wat slegs 'n klein

persentasie sal behou as landbou-arbeiders?

28. In elk geval het sodanige beleid nog nie owerheidsanksie verkry nie. Ook sou dit in flagrante stryd wees met die gedagte aan die groei en naasmekaar bestaan van afsonderlike nasionaliteite met hulle eie kulture en met die hoogs moontlike staatkundige selfbeskikking. Die probleem is dus nog die ontwikkeling van hierdie gebiede as Bantoegebiede. Die ekonomiese en staatkundige is hier ten nouste verbind en moet deurgaans in aanmerking geneem word. Wie die een of die ander vergeet, kom tot 'n valse probleemstelling en 'n onrealistiese oplossing. Oor die politieke uitgangspunte van die saak kan ons veral in ons Suid-Afrikaanse situasie erg teenstrydige opvattings verwag. Waar dit om suiwer ekonomiese aangeleenthede gaan, sou daar hopelik meer eenstemmigheid wees. Juis die koppeling met die politieke a priori jaag ook die ekonome in twee kampe.

29. Verskeie ekonome het reeds die verwagte sukses in 'n ekonomiese ontwikkeling van hierdie dele in die Unie as Bantoegebiede in twyfel getrek omdat, volgens hulle sienswyse, die hele gebied 'n ekonomiese eenheid vorm wat nie deur politieke oorwegings verdeel mag en kan word nie. In hierdie geval word die politieke oorwegings derhalwe onderhewig gemaak aan ekonomiese vereistes, terwyl die huidige stryd in Afrika weer eens toon dat sodanige radikale uitgangspunt onhoudbaar is, net soos die standpunt dat die politieke geensins met die ekonomiese rekening te hou het nie. In 'n deurdagte referaat voor die jongse Sabrakongres het dr. H. J. van Eck en mnr. G. J. Kuschke aan die ander kant baie duidelik aangetoon dat ekonomiese eenheid nieteenstaande politieke differensiasie tog behoue kan bly.

30. Die aktualiteit van 'n oplossing vir die ontwikkelingsprobleem is juis geleë in die politieke aspek van die aangeleentheid. In 1932 het die Ekonomiese Naturellekommissie geskryf: „Die ekonomiese naturellevraagstuk is nie in die eerste plek 'n vraagstuk van 'n kleine, luidrugtige, ontevrede, halfbeskaafde groep van verstedelikte Naturelle nie; dit is in die eerste plaas 'n vraagstuk van miljoene, ongeleerde stamnaturelle, gevange in die greep van bygeloof en van 'n sosiale stelsel wat teen alle vooruitgang is." (par. 16). Dertig jaar gelede en suiwer ekonomies gesien, mag dit die kern van die probleem gewees het, maar die tydsverloop en die benadering vanuit 'n politieke gesigspunt, lê vandag 'n ander klem op die probleem.

31. Die swaartepunt van die politieke aspek van die Blank-Bantoeverhoudinge lê vandag in die miljoene ontevrede, dikwels luidrugtige, al meer beskaafd wordende verstedelikende naturelle. En die bydrae van die kant van die ekonomie tot die oplossing of verligting hiervan lê grotendeels in die ontwikkeling van die Bantoegebiede. Dit is klaarblyklik dat die Bantoes in die stedelike gebiede hulle daar bevind om ekonomiese redes: verdienste, arbeid, loon. Sosio-politieke aansprake het hieruit voortgespruit, net soos die sosio-politieke implikasies nl. die ewe klaar-

blyklike eventuele dominasie deur die Bantoemeerderheid op die politieke terrein indien algemene stemreg toegeken sou word, die resultaat sal wees van die gebruik van 'n meerderheid nie-blanke on- en halfgeskoolde werkers in die nywerheidsgebiede teenoor 'n minderheid van blanke geskoolde arbeiders.

32. Gevolglik word die oplossing of minstens 'n verligting van die politieke vraagstuk gesoek in 'n omkering van die ekonomiese trekkrag. As die Bantoe in die „blanke" stedelike sentra aanwesig is t.g.v. die ekonomiese voordeel vir hom, kan die stroom daarheen dan nie eers gestuit en later omgekeer word na die Bantoegebiede deur ooreenkomstige moontlikhede vir verdienste daar te skep nie? Ekonomiese ontwikkeling van alle sektore van die volkshuishouding word dus enersyds gesien as dié middel om die politieke katastrofe vir die blanke af te weer en ten tweede, en meer positief, as die geregverdigde en verskuldigde taak van die blanke voog om aan sy bevoogde 'n volwaardige erfenis oor te dra wanneer laasgenoemde ook politiek tot onafhanklikheid gebring is.

33. In hierdie lig moet m.i. die pogings tot ontwikkeling van die Bantoegebiede dan ook gewaardeer en beoordeel word. Vier dinge moet dan duidelik gevat word: (i) Voorop staan die uitgangspunt van eiesoortige of afsonderlike of gedifferensieerde nasionale ontwikkeling wat moet resulteer in 'n naasmekaar bestaan van nasionaliteite, koöperasie i.p.v. dominasie soos dit nou is en weer moet word as die Bantoe die demokratiese stemreg sal verkry in 'n vermengde Suid-Afrika.

(ii) Daarby kom die feit van die steeds groeiende getalle-oorwig van die Bantoes (gerieflikheidshalwe word die ander nie-blankes hier buite rekening gelaat) in die nywerheidsentra.

(iii) Ewe belangrik of nog belangriker is die opstuwende politieke bewuswording, die intense aanspraak op meer regte, groter vryhede en gelyke beregtiging, wat tesame met die druk van die wêreldmening die tydperk van die blanke se gesagsuitoefening selfs in die Unie van Suid-Afrika onaangenaam en onvoorspelbaar kort maak.

(iv) Hierby hoort ook die besef — waarvoor ons blykbaar so onbegryplik blind is — dat blote wetgewende maatreëls wat daarby hoofsaaklik beperkend en uiteraard diskriminerend is, nie voldoende sekuriteit bied nie — trouens dit kan uiters gevaarlik word.

34. Oor laasgenoemde punt iets meer. Ten tyde van die landbouomwenteling en die nywerheidsrewolusie in Engeland is gepoog om die plaasverlatende, stadwaartstrekkende landbouarbeiders met haas alle denkbare wetgewende maatreëls en strafregtelike sanksies, gevangenisstraf, brandmerk, e.d.m. op die platteland te hou. Sonder enige sukses hoegenaamd. Laat ons die les ter harte neem. Instromingsbeheer sonder voldoende werkgeleentheid en moontlikhede om aan die Bantoekant van die grens net soveel, net so maklik en net so gereeld te verdien, kan die probleem van die stadwaartse trek van die Bantoe nie verhelp nie. Inteendeel, dit kweek wan-

troue, frustrasie en verbittering. Die korrekte volgorde moes gewees het: ekonomiese ontwikkeling en verdienmoontlikhede en daarna wette — indien lg. dan nog nodig sou wees, want die ekonomiese trekkrag kan ook nog aangevul word deur ander elemente wat 'n ekstra aantrekkingskrag sou hê: vooruitsigte op eie grondbesit, aandeel in plaaslike bestuurs- en breeër politieke magte, persoonlike vryhede, ens.

35. In die lig van die voorgaande, behoort dit duidelik te wees dat landboukundige ontwikkeling alleen, hoe basies noodsaaklik, hoe uitstekend en toegewyd ook al, nie die antwoord op die vraag bied nie. Dit is uit die aard van die saak, in ag nemende die hernuwing van gedegenereerde grond en die opvoeding vanuit 'n tradisie van agterlike boerderymetodes, 'n stadige proses. Maar afgesien daarvan, is dit beperk in sy moontlikhede. Dit kan 'n maksimale landboubevolking van ongeveer 2½ miljoen dra. Selfs 'n groot deel van die huidige bevolking van die gebiede moet elders heen namate die uitvoering van die beplanning van ekonomiese landboueenhede in werking tree! Van Eck en Kuschke bereken „dat die aantal Bantoemanlike werknemers in die nywerheid in en by die Bantoe-tuistes in die volgende 30 jaar vanaf 125,000 tot 900,000 moet toeneem. Dit vereis 'n jaarlikse verhoging van indiensneming van 6.8% vir hierdie gebiede, in vergelyking met 'n gemiddelde jaarlikse verhoging van 5¾% vir alle nie-blankes oor die Unie as geheel oor die afgelope 30 jaar . . . en 6¼% vir die laaste 15 jaar."

36. Waarheen moet hierdie „surplus"-bevolking? Die stigting van plattelandse dorpe word vir hulle voorgestel. Op hierdie stadium, en vir baie lank nog, kan dit eintlik nie veel meer wees as woongebiede, behuisingskemas met die elementêrste dienste en ekonomiese lewe nie. Hier sal hoofsaaklik die vroue en kinders woon van daardie mans wat nie bona fide boere is nie en as trekarbeiders in diens staan van die nywerhede en ander werkgewers oorkant die grense van die Bantoegebiede. Voordat die landbou dus substansieel aangevul word deur ander ekonomiese bronne, sal dit eerder mense wegstoot van as aantrek na die gebiede.

## VI. RANDGEBIEDE.

37. Die Tomlinsonkommissie het reeds verwys na 'n belangrike tussenstap tot 'n groter mate van ekonomiese aktiwiteit in die Bantoegebiede, nl. die stigting van grensnywerhede of die ontstaan van sg. randgebiede (Hfst. 36). In die begin van Junie het die Eerste Minister 'n omvattende program van nywerheidsdesentralisasie aangekondig. Dit hou hoofsaaklik in 'n tienpuntplan om die nywerheid aan te moedig om fabrieke naby die grense van die reservate (gebiede tot 30 myl vanaf die grense word as randgebiede beskou) te vestig.

38. As 'n poging tot nywerheiddesentralisasie is die program nie alleen indrukwekkend nie, maar ook te verwelkom. Verskeie nyweraars en finansiers van naam het hulle dan ook baie gunstig hieroor uitgespreek. Verskeie voordele sal uit hierdie ontwikkeling kan voort-

spruit. Dit behoort daartoe mee te werk om die surplusbevolking van die landboukundig ontwikkelende reservate aan 'n verdienste te help (mits hierdie randnywerhede 'n uitbreiding op die reeds bestaandes is). Dit behoort 'n belangrike faktor te wees in die herverspreiding van die hoofsaaklik ongeskoolde en selfs halfgeskoolde werkkers elders in die verder van die Bantoegrens geleë nywerhede. Die langafstandtrekarbeid kan sodoende gewysig word tot kortafstand-trekarbeid. 'n Groter deel van die loonverdienste sal op hierdie wyse binne die Bantoe se tuisgebied bestee word. Dit sal ook, soos verwag, 'n bydrae lewer tot die stimulering van groeipunte binne die Bantoegebiede.

39. Nieteenstaande hierdie besliste voordele, bied die skema alleen m.i. nie die antwoord op ons probleem in die huidige situasie nie. Die werkers bly nog trekarbeiders, weliswaar oor korter afstande en derhalwe vir korter periodes van hulle huise afwesig. As sodanig bly hulle onderhewig aan beheermaatreëls t.o.v. beweging, want die werksgeleenthede is nog binne blanke gebied geleë. Die arbeidsbeperkings wat elders geld, kan hier dus nie opgehef word nie. Die arbeids- en loonplafon, die verbod op vakorganisasies, e.d.m. moet noodwendig bly. Die Bantoewerker bly uitgesluit van geskoolde arbeid, administratiewe en bestuursposte en gevolglik van die geleentheid om sy ondernemerskundigheid so vinnig moontlik te ontwikkel. Arbeid bly sodoende nog die belangrikste uitvoerproduk van hierdie gebiede, terwyl deelname aan die inkomste en winste van die emplojeerders, anders as die loonverdienste, bv. deur belastings, huurgelde, e.s.m. buite bereik van die Bantoegebiede bly. Plek en geleentheid vir inskakeling van die ander ontwikkelde stedelike Bantoe word op dié wyse ook nie geskep nie.

40. Die kernfout van die gedagte van randgebiedontwikkeling met normale stimulering van groeipunte en langsame interne ekonomiese groei van die Bantoegebiede deur inheemse ondernemerskap en kapitaal, is die tydsaamheid daarvan. Daarmee begaan ons dieselfde fout as die Belge in die Kongo: ons gaan voort asof daar nog 'n eeu tyd is om die status quo op politieke gebied te handhaaf.

## VII. INTERNE ONTWIKKELING.

41. Die vraag word gevolglik gestel of die nywerheidsdesentralisasie dan noodwendig deur die grense van die Bantoegebiede gestuit moet word. Is — ekonomies gesien — die vestigingsfaktore wat duskant en tot op die grense gevind word, noodwendig afwesig daar anderkant? In 'n onlangse rede het mnr. Anton Rupert soos volg daarop gewys:

„As ons die risiko mag loop om nywerheidsontwikkeling in verskeie fases te klassifiiseer, sê van 1 tot 10, met één as die van eenvoudige ontwikkeling en 10 as die mees ontwikkelde, nie alleen tegnologies nie maar ook administratief, dan behoort ons tog seker in die „ontwikkelende gebiede" met die nywerhede van fase één aan te vang.

„Hierdie kan daardie nywerhede wees waarmee ons eie nywerheidsont-

wikkeling aangevang het, soos bv. komberse, goedkoper tekstielware, massavervaardigde skoene, goedkoop meubels, kerftabak, ens.

„Terwyl ons in fase 10 sal vind, elektroniese breins, supersoniese spuitvliegtuie en die fynste tegniese apparaat.

„Met ons huidige Suid-Afrikaanse bevolkingsgetalle en ons markte is ons self natuurlik nie naby fase 10 nie, maar ons vorder. Dit lyk dus logies dat nuwe nywerhede van die tipe van fase een, wat gewoonlik baie arbeid gebruik, in die „ontwikkelende gebiede" aangemoedig behoort te word en dié wat meer tegniese en administratiewe ervaring vereis in die reeds ontwikkelde gebiede. Dit sal sodoende ook desentralisasie aanhelp.

„Ek voorsien geen gevaar vir die „ontwikkelde" nywerheidsgebiede as ons die „ontwikkelende gebiede" uitbou nie. Skaars dertig jaar gelede, toe Suid-Afrika begin het met sy eerste nywerheidsrewolusie en veral tydens die stigting van Yskor, is dit gevoel dat ons groot skade aan die ouer lande sou berokken deur ons industrialisasie.

„Wat gebeur het was in werklikheid presies die teenoorgestelde. Terwyl Suid-Afrika sy eie armblankeprobleem oorkom het en lone en algemene welstand grootliks verbeter het, moes ons invoerbeheer instel omdat ons in werklikheid meer van daardie einste lande gekoop het wat voorheen ons nywerheidsontwikkeling gevrees het." (Tegniek, Julie 1960).

42. Dadelik moet erken word dat dit gevaarlik sou wees om enige illusies te koester oor die interne ekonomiese ontwikkeling van hierdie gebiede asof dit oornag hierdie uiters ingewikkelde probleem sal oplos. Ek wil nie vir 'n oomblik twee kardinale feite uit die oog verloor nie, t.w. die tydsvereistes vir die vestiging van nywerhede en die agterlikheid van die betrokke bevolking. Terwyl kapitaalverkryging van buite die grense van die Bantoegebiede en selfs van buite die Unie blykbaar nie die belangrikste probleem sal oplewer nie, bied die feitlik absolute afwesigheid van enige ondernemerskundigheid by die Bantoe 'n onoorkombare probleem. Hierdie vereiste wat berus op 'n bepaalde beskawings- en kulturele ontwikkeling, op ervaring en opleiding, word nie oornag bekom nie. Dit is die produk van jare, van geslagte selfs; dit is 'n komponent van 'n lewenstradisie. Van die bevolking van hierdie gebiede — met wie daar nog feitlik ten bloede toe geworstel moet word om op landboukundige gebied nuwe metodes te aanvaar — kan die nodige ontwikkelingsinisiatief op nywerheidsgebied binne die volgende kwart-eeu beswaarlik verwag word.

43. Van wie dan? Die enigste oorblywende moontlikheid is dat naas kapitaal van buite, ook ondernemerskap van buite nadergebring moet word: blanke kapitaal en blanke ondernemers dus. Die Tomlinsonkommissie het dit reeds as 'n onvermydelike noodsaaklikheid in sy verslag gestel. Van die owerheid is verwag om 'n belangrike rol te speel by die nywerheidsdesentralisasie deur die verskaffing o.a. van dienste waardeur nyweraars na die gebiede getrek sou

word (Hfst. 34, par. 61). Verder ook: „Vir geruime tyd sal die nodige ondernemerstalent egter nie binne die Bantoevolk self gevind kan word nie en sal die Blankes en die owerheid ook as ondernemers moet optree . . . ." (Hfst. 35, par. 16). Teen hierdie gedagte het die regering hom sterk uitgespreek en tot dusver is die standpunt onveranderd gehandhaaf. Die sterkste gronde wat hierteen aangevoer word, is die skepping van wit kolle in die Bantoegebiede en die vrees dat op die wyse blanke ondernemers 'n ongesonde houvas op die ekonomie en politiek van die Bantoegebiede gaan kry. As voorbeeld word dan o.a. verwys na die invloed van buitelandse, hoofsaaklik Engelse, kapitaal in die ekonomiese en politieke Geskiedenis van Suid-Afrika. „Gedurig moet gewaak word teen die uitbuiting van die Bantoegebiede deur privaat blanke kapitaal — wat inderdaad net 'n ander vorm van kolonialisme is". (Min. Nel in **Woord en Daad**, 17 Augustus 1960).

44. 'n Ander beswaar wat dikwels gehoor word, is die van 'n te snelle tempo van ontwikkeling. Met 'n sekere mate van reg word geargumenteer dat interne nywerheidsontwikkeling van hierdie gebiede deur blanke kapitaal en ondernemers, ontwrigtend sal inwerk op die Bantoe en sy kultuur. Ontwikkeling in die ekonomiese sektor gaan dan te snel vir groei in die ander sektore van die kultuur. Ook hierdie argument hou nie steek nie. Ek wil trouens beweer dat die huidige toestand van nywerheidsonthwikkeling buite die gebiede met die daarmee gekoppelde trekarbeiderstelsel tot 'n groter mate ontwrigtend werk. Prof. Keyter se indringende referaat voor Sabra se elfde jaarkongres (April 1960) oor **Die Geestesontwikkeling van die Bantoe** het o.a. die een gedagte by my sterk op die voorgrond gebring: bring die ontwikkeling na die Bantoegemeenskap i.p.v. die Bantoe-individu na die ontwikkeling ver buite sy grense te neem. Kan daar met reg gewaarsku word teen die sosiokulturele ontwrigting van nywerheidsontwikkeling as die algemeen aanvaarde landbou-ontwikkeling self sodanige ontwrigting noodwendig meebring? Dieselfde geld die randgebiede. Maar bowenal moet onthou word dat daar vandag nêrens in die wêreld meer plek is vir die tempo van 'n normale gestadige ontwikkeling nie. Enige nywerheidsontwikkeling vanuit 'n tradisionele, ekstensiewe landboukultuur bring noodsaaklikerwys onafwendbare ontwrigtinge in die daaropvolgende aanpassingsproses mee. Dit gebeur vandag in elke onderontwikkelde gebied, in Afrika sowel as in Asië

45. Toegegee dat die interne gedifferensieerde ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede onder Blanke ondernemerskap gevare kan inhou, kom dit tog voor asof hierdie gevare oordryf word. Geen onderontwikkelde gebied ter wêreld kom vandag meer tot ekonomiese groei en selfstandigheid sonder hierdie tweeledige hulpverlening nie. Daarby het die Afrikaners uit hulle eie geskiedenis geleer — of behoort hulle te geleer het — watter eksesse en misbruike om in so 'n noodgedwonge situasie te vermy. Dit sal

die taak van die blanke owerheid as voog wees om toe te sien dat sodanige ontwikkeling geskied sonder, wat Minister Nel noem, „stoflike roofbou van ander volksgroepe". Die ganse wêreld, insluitende Afrika, bied vandag genoegsame voorbeelde en dien as waarneembare proefnemings waaruit ons vir so 'n ontwikkelingskema lering kan put. Dit is, soos prof. Sadie daarop gewys het, waar dat selfs die onbeheerde private ondernemer naas sy eie voordele en winste ook voordele bring vir die gebied waarin hy sy nywerheid vestig (Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, April 1959). In hierdie spesifieke geval kom dit my voor asof ekstra waarborge teen eksploitasie van owerheidsweë en teen die vestiging van witkolle en blanke gevestigde belange gestel kan word. Die Tomlinsonkommissie (Hfst. 35, par. 16) het reeds aanduidings gegee hoe dit gedoen kan word, nl. 'n premie op indiensneming van Bantoe; 'n eerste opsie op beskikbare effektebelange van Blanke ondernemers deur Bantoebeleggers; progressiewe inskakeling van Bantoes in die bestuur en administrasie van die betrokke ondernemings. Ek meen ook dat 'n verbod op of beperking van eiendomsreg op grond, soos in beginsel deur die bestaande wette vasgelê maar met bepaalde vergunnings t.o.v. nywerheidspersele, inisiatief deur semi-staatskorporasies, ens. ens., die gevaar van misbruike kan neutraliseer.

46. Ek sien in 'n program vir sodanige ontwikkeling bo en behalwe die moontlikhede verbonde aan die grensnywerhedeskema 'n aantal voordele. Die Bantoewerker is hier in sy eie gebied, ontslae van die baie bande wat hom buite sy gebied knel — geen instromingsbeheer en paswette nie. Trekarbeid van die Bantoe word uitgeskakel en sy inkomste kan nou in sy geheel binne sy woongebied aangewend word. Wat onder die grensgebiedstelsel blote woonbuurte was, kan nou gouer en in vollediger sin tot dorpe en stede ontwikkel. Die arbeidsplafon mag hier nie bestaan nie — trouens 'n premie behoort gestel te word op integrasie van Bantoes in die tegniese, geskoolde, administratiewe en bestuurdersposte en in die korps van direksies en aandeelhouers. Die verkryging van ondernemerskennis en ervaring word dus bespoedig. Dit bied vanaf die begin reeds die moontlikheid om 'n aansienlike deel van die ontwikkelde en gefrustreerde Bantoe van die stedelike gebiede in administratiewe en ander poste in te skakel. Bantoe-vakorganisasies word hier 'n moontlikheid. Bantoe-owerhede behoort te profiteer uit die belastings op en huurgelde betaal deur ondernemers. Markte word geskep vir die Bantoegebiede sonder enige regverdigbare teenkanting van blanke produsente. Terselfdertyd moet die psigologiese uitwerking hiervan nie onderskat of buite berekening gelaat word nie.

47. Weliswaar sal sodanige beleid nie oornag 'n totale verandering in die Bantoegebiede en in die Suid-Afrikaanse situasie laat ontstaan nie. Dr. Van Eck en mnr. Kuschke reken dat die vestiging van 'n nuwe nywerheid van sewe tot tien jaar duur. En hoeveel moet nog voorberei word! Maar dit geld tog grotendeels ook die vestiging

van nywerhede in die randgebiede. Alles in ag geneem, kom dit my dus tog voor asof, in ons omstanddighede, die onmiddellike, intensiefsmoontlike en omvangriksmoontlike sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede deur blanke kapitaal en ondernemerskap naas dié wat uit die Bantoegemeenskap gemonster kan word en primêr met die doel om as 'n stimulans te diens vir 'n „inheemse" staatshuishouding, die aangewese weg is. In die dilemma waarin die blanke gesag verkeer, skyn dit vir my nog een van die ligpunte te wees: mits dit sonder versuim, met perspektief en versigtigheid aangepak word. Langs die weg, mits betyds en kragdadig begin word, het ons nog 'n kans om die bevolkingsverspreiding sodanig te beïnvloed dat 'n staatkundige dominasie deur die Bantoe moontlik afgeweer kan word.

48. Hiertoe sal nie net nodig wees vermeerdering van die kapitaal van die Bantoebeleggingskorporasie nie, maar ook die aanpak van ondernemings deur die korporasie of sy affiliale, aanvanklik onder blanke sakeleiding maar met progressiewe inskakeling van Bantoes. Verder ook vergunning aan blanke partikuliere ondernemers onder bepaalde voorwaardes. Laat ons maar leer van buitelandse beleggers oral in Afrika; van die Firestone-onderneming in Liberië, e.d.m. Ek wil selfs ter oorweging gee sodanige optrede m.b.t. die landbou, by name besproeiingsboerdery waar, in aansluiting by die Gezira-skema, die Bantoe eers as arbeider optree maar selektief en progressief ingeskakel word as eienaar-boer. Dié besproeiingsboerdery word met opset genoem, omdat dit groot stigtings- en bedryfskapitaal vereis en die gespesialiseerde aard daarvan vir die Bantoe besondere aanpassingsprobleme meebring.

## VIII. ANDER OORWEGINGS.

49. Ten slotte nog die volgende gedagtes. In hierdie stuk is die klem laat val op die ekonomiese ontwikkeling met politieke oorwegings. Die ontwikkeling van die Bantoegebiede mag nooit eensydig gesien word nie. In die sin waarin De Kat Angelino praat van die omvattende „opbouw der Maatschappij" het Suid-Afrika 'n dringende taak. Nog ekonomies, nog staatkundig kan die Bantoegebiede as sodanig uitgebou word tot selfstandige en onafhanklike nasionale eenhede — in die sin waarin enige en veral kleiner nasionale entiteite in die moderne wêreld selfstandig en onafhanklik kan wees — indien twee verdere voorwaardes nie nagekom word nie. Naas ontwikkeling, eintlik as voorwaarde daarvoor, verdien ook die konsolidering van die gebiede in eerste instansie ons aandag. Geen nasionale tuistes vir drie, vier of selfs vyf Bantoe-nasionaliteite kan geskep word uit meer as 260 lappies grond nie.

50. As derde voorwaarde noem ek die kwessie van uitbreiding. Laasgenoemde is m.i. om drie redes onontbeerlik om die beleid van afsonderlike nasionale ontwikkeling regverdig en prakties te laat verloop. Konsolidasie vereis reeds 'n mate van uitbreiding. Bloot ekonomies beskou, vandag en oor 'n kwarteeu en verder, kan 'n sub-

stansiële meerderheid van die Bantoebevolking moeilik gedra word deur die ± 20 miljoen morge tot hulle beskikking. Naas die ekonomiese kom ook 'n sielkundige oorweging. Om afstand te doen van blanke gebied mag die effek hê om ten minste gematigde nie-blanke leiers en volgelinge — solank daar nog diesulkes mag wees — te oortuig van ons welwillendheid en te lei tot meer tevredenheid. Ek dink bv. aan 'n moontlike herstel van die eenheid van Zululand. Uiteraard sal dit geen blote konfiskasie wees nie, maar deur koop en oordrag geskied sodat die blankes in die betrokke dele behoorlike vergoeding ontvang. Dit mag net wees dat die keuse binnekort baie pertinent gestel mag word tussen die besit van 'n kleiner Suid-Afrika waarin die blanke werklik nog sal regeer of die bestaan in 'n groter Suid-Afrika waarin die blanke vir alle praktiese doeleindes 'n politiek stomme, geneutraliseerde groep sal wees.

51. Oor die noodsaaklikheid van inagneming van die Hoë Kommissarisgebiede by die uitbreiding kan hier nie veel gesê word nie. Dit behoort egter duidelik te wees dat aaneensluiting van die Unie se Bantoegebiede met die Protektorate en die Bantoegebiede van S.W.A. van die allergrootste belang is. As die Protektorate toegevoeg word, sal 45% van die „groter Suid-Afrika" aan die Bantoe behoort. Sal 'n positiewe ontwikkelingsbeleid van die Unie se Bantoegebiede met minder klem op wetlike beperkings en meer nadruk op die skepping van geleenthede, nie tog nog kan lei tot 'n gesamentlike ontwikkelingsprogram deur die Unie en Brittanje vir al die gebiede i.p.v. inlywing wat vir enige Britse regering tans en vir baie jare onaanvaarbaar sal wees en, indien tog verwesenlik, vir die Unie geweldige laste gaan oplê nie? Om nie te dink aan die effek van so 'n stap — gesamentlike ontwikkeling — op die wêreldmening nie!

J. H. COETZEE.

P.U. vir C.H.O.

## ENKELE BRONNE.


1. Ekonomiese Naturellekommissie Verslag van die ....... 1930 - 1932. Pta. (UG. 22 - 1932).
2. Eloff, J. F.: **Tempo van Ekonomiese Ontwikkeling in die Bantoe-gebiede.** Tydskrif vir Rasse-aang. Jan. 1959.
3. Hailey, Lord: **An Afrikan Survey** (Revised 1956). O.U.P. 1957.
4. Hellman, Ellen e.a.: **Handbook on Race Relations in South Africa.** O.U.P. 1949.
5. Houghton, Hobart D.: **Agricultural Development in the Reserves.** (Referaat voor die S.A. Inst. vir Rasseverhe. Jan. 1957).
6. ——————— : **Economic Dangers of Separate Bantu Development.** Optima, Des. 1959.
7. Keyter, J. de W.: **Die Geestesontwikkeling van die Bantoe.** (Referaat voor Sabra, April 1960).
8. Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Samevatting van die verslag van die .... Pta. U.G. 61/1955.
9. Moolman, J. H.: **Basiese kenmerke van die Bantoegebiede.** Volkskongres oor die toekoms van die Bantoe. Referate en besluite van die (Bfn. Jun. 1956), Sabra 1957.
10. Naturellewette-Kommissie, Verslag van die ...... 1946 - 48. Pta. U.G. 28--1948

11. Nel, Min. M. D. C.: **Die ontwikkeling van Bantoegebiede en Grensnywerhede.** Woord en Daad, 17 Aug. 1960.
12. Pepler, L. A.: **Landbou-ontwikkeling in die Bantoetuistes.** (Referaat voor Sabra, April 1960).
13. Rupert, A.: **Suid-Afrika moet Land van Goeie Hoop wees.** Tegniek, Julie 1960 (weergawe van openingsrede by geleentheid van die konferensie van die Nasionale Ontwikkelingsgenootskap, Durban, 19 Julie 1960).
14. Raad van Handel en Nywerheid. Verslag van die . . . . . . insake nywerheidsontwikkeling in die reservate. 1937.
15. Sabra-nuusbrief, Mei/Jun. 1960: **Tienpuntplan vir ontwikkeling naby Bantoetuistes.**
16. Sadie, J. L.: **The Industrial Aspects of the Tomlinson Report.** (Referaat voor die S.A. Inst. vir Rasseverhe. Jan. 1957).
17. ——————: **Tempo van Ekonomiese Ontwikkelingsprogram vir die Bantoegebiede.** Tydskrif vir Rass.-aang. April 1959.
18. ——————: **Industrialisation of the Bantu Areas.** Tydskrif vir Rass.-aang. Jan. 1960.
19. Tomlinson, F. R.: **Die Voorgestelde Ontwikkelingsprogram vir die Bantoegebiede.** Referate en besluite van die Volkskongres oor die Toekoms van die Bantoe (Blfn., Jun. 1956). Sabra, 1957.
20. Van Eck, H. J. en Kuschke, G. S. J.: **Die uitwerking van die ontwikkeling van die Bantoetuistes op die Ekonomiese en Maatskaplike Patroon van die Res van die Unie.** (Referaat voor Sabra, April 1960).
21. Witboek oor die Verslag i.s. die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede.